

Dinsdag 5 Desember

Skrifgedeelte: Genesis 49:1-2, 8-12

Fokusgedeelte: Genesis 49:9, 10

Christus maak ons konings wat God kan en moet loof

In hierdie gedeelte vind ons 'n profesie deur die Heilige Gees by monde van Jakob oor Juda. Juda het die eersgeboortesêen wat Ruben ontnem is, verkry. Hy was geroep as heerser oor sy broers en sy hand sou ook op sy vyand se nek wees. Uit sy geslag het die konings van Israel soos Dawid en Salomo gekom, wat leiding moes gee aan God se volk, en vyande onderwerp. Juda het egter nie hierdie sêen verdien nie, hy het dit uit genade ontvang om (soos sy naam sê) die Here te loof. Jakob profeteer: Juda is 'n jong leeu, hy ontvang leeu-krag vir sy regeertaak oor sy broers en vyande. Tog kon Juda vanweë sy sondige aard nie die oorwinning vir sy volk en oor sy vyande be-haal nie, daarom is daar 'n "totdat" in sy sêen ingebou. Die septer en die veldheerstaf sou van Juda nie wyk *totdat* Silo kom.

Die *totdat* is die grens van die mislukte koningskap in Israel en van die hele mensdom. Daarom sou Silo kom, wat 'n toespeling op Christus is. Openbaring 5 verkondig Hom as die ware Leeu uit Juda, wat as geslagte Lam staan. Leeu, omdat Hy as geslagte Lam aan die kruis gesterf het. Deur sy vernedering en soendood heen is Hy aan die regterhand van God verhoog, waar Hy as Hoof van die kerk ook die wêreld regeer. Hy is die ware Koning, die ewige Koning uit Juda, in Wie die Heilige Gees se profesie by monde van Jakob, volkome vervul is. Hy het die nasies aan Hom onderwerp. In en deur Hom alleen kan gelowiges uit alle volke, stamme en nasies uiteindelik ook konings wees, wat nou oor die sonde en duiwel heers, en ná hierdie lewe ewig saam met Hom regeer.

In en deur Hom alleen kan ons konings wees wat God elke dag deur die Heilige Gees se werking loof.

Sing: Skrifberyming 2-3:1

Ds. CJJ (Jaco) Putter (Potgietersrus)